Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

SY GENADE IS GENOEG

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

(vir Christa Steyn)

Sy was geseënd ver bo duisend ander
Die wonder van musiek haar reisgenoot
Van altyd af het sy geglo dis alles net geleen
Sy't graag vertel waar kom haar hulp vandaan

Sy strooi toe haar liedjies wyd
Soos geel madeliefies oor die hele wêreld uit
Kleure en geure en klawerklank
Bly klink 'n ewigheid lank

Die tyd toe sy moes gaan was die koudste winter ooit
Na 'n jaar van stryd, van twyfel én bly glo
Maar toe dié vraag gevra word - al was sy sterwensmoeg
Was haar antwoord reg: "Sy genade is genoeg"

Nou strooi ons haar boodskap wyd
Soos geel madeliefies oor die hele wêreld uit
Kleure en geure en klawerklank
Bly klink 'n ewigheid lank

Sy is nou weg, haar vleuelklavier is stil
Wat sy nagelaat het hou ek ewig vas
Want uit haar pyn groei dié refrein in helder hemeltaal
En met vingers wat steeds dartel
bly sy jubel en getuig
"Sy genade is genoeg"

(Instrumentale tussenspel – gebaseer op Christa se musiek)
Sy strooi steeds haar boodskap wyd
Soos geel madeliefies oor die ganse heelal uit
Kleure en geure en klawerklank
Klink nou 'n ewigheid lank